**27 MAART** **SKRIFGEDEELTE: JEREMIA 42:1-22**
**FOKUSGEDEELTE: JEREMIA 42:19-22**

## God se pad is die lewensweg

Gebeur dit ook met jou dat jy na God se weg vra, maar desondanks jou eie kop volg? Dit is tekenend van mense om die mees voor die hand liggende te wil doen. Tog is die vraag: Is dit reg? Presies dit het met die oorblyfsel van Juda gebeur. Vanweë die moord op die goewerneur van Babel deur iemand uit hulle geledere meen hulle die woede van Babel gaan oor hulle losbars. Vlug na Egipte lyk na die enigste uitweg. Dit is net ‘n kwessie van tyd voordat Babel gaan toeslaan. Maar wag, kom ons raadpleeg eers die Here. Hulle stel vas dat die profeet Jeremia onder hulle is en vra hom om die Here te raadpleeg. As die Here sê, bly, dan bly hulle; as Hy sê trek, dan trek hulle. Jeremia het belowe dat hy net wat die Here sê, sal meedeel. Tien dae lank laat die Here hulle wag op sy antwoord. Sy antwoord is: Bly! Dit gaan teen hulle voorneme in. Hoe kan dit? Hoe sal die Here ons teen die magtige Babel kan beskerm? Ongeloof en kleingeloof leef in hulle harte. God se beloftes is verder as die swaard van Babel. Die werklikheid praat hard, maar vertroue op God klink veraf. Ook nie die waarskuwing van die swaard, hongersnood en pes oortuig hulle nie. Hulle kies die weg van die dood.

Die weg van die lewe lê in gehoorsaamheid aan God met al jou verwagtings, al lyk dit onhaalbaar. Die weg van die lewe is gehoorsaamheid aan sy Woord. Jesus Christus het die gehoorsaamheid volkome vir jou volbring en vra nou van jou gehoorsaamheid. Deur sy Gees is sy beloftes werkliker as die ontvlugtingspad wat jy kan uitdink. Volg die gehoorsaamheidspad, want dit is die lewe!

*Sing: Psalm 68:2 (Totius)* *Ds Vasie de Kock (Potchefstroom-Suid)*